TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

Infoblad 2022
PRES 5013

NAVRAE | ENQUIRIES
Michelle Pieters
021 808 2812
michellep@sun.ac.za

KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Skep aanbiedings met selfvertroue

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Is aanbiedings voor 'n gehoor vir jou 'n nagmerrie? Leer hoe om jouself met gemak en grasie te handhaaf en met selfvertroue 'n boodskap oor te dra.

Waarop fokus hierdie kursus?

In hierdie praktiese kursus sal jy leer hoe om geslaagde, boeiende aanbiedings te ontwikkel en aan te bied. Jy sal waardevolle aanbiedingsbeginsels onder die knie kry en grondige teoretiese en praktiese kennis opdoen.

Die kursus sal jou help om:

- jou persoonlike styl en stempel in jou aanbiedings oor te dra
- te weet hoe belangrik liggaamstaal, handgebare, postuur en funksionele beweging is en hoe om dit te gebruik
- grondige kennis van verskeie aanbiedingsmetodes en -strukture te ontwikkel
- jou aanbieding visueel op te kikker om jou gehoor te boei.

Wie is die aanbieder?

Eduard de Kock is 'n uitstekende en innemende aanbieder, tolk, kommunikasie-kursusdosent en -fasiliteerder. Met sy fluweelstem en warm persoonlikheid help Eduard deelnemers om die selfvertroue te bou om hulself te laat geld. Hy is boonop 'n ervare seremoniemeester en vryskut-nuusleser en -verslaggewer vir Eyewitness News.

Wie kan dit bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Indien jy aanbiedings duidelik en selfversekerd wil aanbied, dan is hierdie kursus vir jou! Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker.

Die kontaksessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal toegang tot 'n rekenaar moet hê en jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Hierdie intieme tweedagkursus vind plaas van 09:00 tot 16:00 op die volgende datums in die Taalsentrum se Seminaarkamer in Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch:

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	**Kontakdae** (09:00 tot 16:00)	**Skryf in voor**
Kursus 1:	25 Maart tot 15 April	31 Maart en 1 April	10 Maart
Kursus 2:	26 Mei tot 17 Junie	2 en 3 Junie	12 Mei
Kursus 3:	1 tot 23 September	8 en 9 September	18 Augustus
Kursus 4:	27 Oktober tot 18 November	3 en 4 November	13 Oktober

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R5 346 per deelnemer, wat kursusmateriaal, sessies met jou aanbieder en verversings insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van vier kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.